# TOOLBOX

## Januarie 2012

LID VAN VETERAAN MOTORVERENIGING VIR SUIDER AFRIKA (SAVVA)

Dagsê Vriende

'n Baie Voorspoedige jaar word jul elkeen toegewens. Ek hoop die jaar het goed begin vir almal, veral nadat 2011 op so 'n dramatiese wyse ten einde geloop het.

Jors het skielik na ons Desember vergadering in die hospital beland en derhalwe die jaarafsluiting misgeloop. Ons is dankbaar om te kan sê dat hy herstel het en weer op die been is. Ann se gesondheid het 'n terugslag beleef, maar ons glo en vertrou dat alles ten geode sal uitwerk.

Groot was die skok toe Toy laat weet dat Johan van Jaarsveld in die hospitaal is na 'n hartaanval. En daar wys die Volksblad hoe hulle hom in die vliegtuig laai en na die Intensiewe Sorg-eenheid in Bloemfontein oorplaas. Dankbaar om te sê dat Johan weer terug is by die huis, al moet hy dinge maar nog stadig vat.

Ons wil vir al hierdie mense, asook diegene wat nog herstel van vorige terugslae, sterkte toewens en die versekering gee dat ons julle in ons gebede sal hou.

**2011 Jaarafsluiting**



Saterdag 3 Desember was ons klub se jaarafsluiting. Die beoordeling het op die Moederkerk se terrein plaasgevind terwyl die prysuitdeling daarna by Hennie en Florence gehou is. Baie dankie aan elkeen wat deelgeneem het.

Die beoordeling was ook deel van 'n uitstalling wat ons ten tyde van die AGS kerkbasaar gehou het. Die gemeentelede het ons goed ondersteun en deelgeneem aan die People's Choice Award. Hierdie jaar is die motors en enjins ook in verskillende kategorieë beoordeel, wat meegebring het dat elkeen teen sy eie tydgenote meegeding het.



Die uitslae was soos volg:

| | |
|---|---|
| Mees Betrokke Lid | 1ste: Johan van Jaarsveld<br>2de: Tertius du Preez<br>3de: Frans van Staden |
| Mees Betrokke Dame | 1ste: Hannatjie Swart<br>2de: Toy van Jaarsveld<br>3de: Nonnie van Staden |
| Vasbyt Trofee | Elria Kinghorn |
| Chairman's Floating Trophy | Koos de Beer |
| Mees Entoesiastiese Lid | Clem Harrington & Elria Kinghorn |
| Beste Vordering | Wimpie Pieters |
| Peregrinus | Willie Pieters |
| Mees Oorspronklike Motor | Charles Botha – 1978 Chrysler SE |
| Bes Gerestoureerde Motor | Wessel Naude – 1956 Morris Minor |
| People's Choice | Wimpie Pieters – 1955 Ford F100 & Vaaljapie |
| Klas D (1931 -1945) | 1ste: Danie Poggenpoel – 1939 Chev Master Deluxe |
| Klas E (1946 – 1960) | 1ste: Wessel Naude – 1956 Morris Minor<br>2de: Charles Botha – 1955 Dodge Royal<br>3de: Nonnie van Staden – 1958 Morris Minor |
| Klas F (1961 – 1970) | 1ste: Frans van Staden – 1969 Valiant VIP<br>2de: Johan Heyns – 1963 Studebaker Lark<br>3de: Don Whitehead –1968 Wolseley 6/110 |
| Klas G (1971 – 1991) | 1ste: Charles Botha – 1978 Chrysler SE<br>2de: Willie Pieters – 1974 Valiant Regal<br>3de: Hennie Knoetze – 1984 Mercedes Benz |
| Stilstaande enjin van die jaar | 1ste: Frans van Staden – Lister/Cronje Dietrichsen - MAG<br>2de: Cronje Dietrichsen – BSA<br>3de: Kokkie du Preez – Wolseley |






CFC843-FS


CHF208-FS


BYD484-FS



**Jaarprogram**
12 Januarie – Maandvergadering
02 Februarie – Maandvergadering
01 Maart – Maandvergadering
10 Maart – MALUTI CARS IN THE PARK 2012

SAVVA – National Calender:
11/12 February – George Motor Show
12 February – Classic Motorcycle Club Autumn Rally – Johannesburg

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan die volgende lede wat gedurende Januarie verjaar. Mag julle 'n vreugdevolle en geseënde jaar hê!

1 Januarie – Koos de Beer
17 Januarie – Charles Botha
23 Januarie – Elria Kinghorn
31 Januarie – Hannes Grobbelaar

Ons wens elkeen van hierdie persone sterkte toe vir die jaar wat voorlê en verseker hulle van ons deurlopende ondersteuning!

**Te Koop / For Sale**

1977 Volvo 244 DL, kort voorligte, enjin uitmekaar, bekleedsel nog in goeie toestand. R5000. Voertuig in Bhm. Kontak Jaco by 076 1386 970






Accuspark Electronic Ignition Kits for Classic Cars @ R495.
Also Sports Coils @ R295.
Contact Steve on 082-6460824
woodward@icon.co.za

Die volgende motors is te koop by Kosie Geeringh. Skakel hom by 016 932 2424 of 082 694 8016.



1.Granada Ghia



2.Holden



3.Citroen DS 20 Super 5



4.Ford 20M Coupe

Piet Fourie het die volgende motors om te verkoop. Skakel hom by 084 035 2760 in Parys:

1986 Sprite Sunway karavaan. Slaap 6. Tente volledig.









1948 Dodge Fluid drive Coupe

1990 Daimler 4.1 straight six

1934 Morris Eight. 2 motors. Moet nog volledig opgebou word. Enjins is oorgedoen en meeste verfwerk is al gedoen.

Tot 'n volgende keer…

*Tertius*

## SAVVA Technical Tip – 56 Importing parts

Finding parts for early cars is becoming increasingly difficult. Over the years we have relied on flea markets and the one or two specialist shops that were still around and catered for our needs.

Unfortunately, the shops have virtually disappeared and most of the flea markets have turned into glorified shops for disposing of cheap Chinese wares. I was reminded of this problem when looking for a simple item like a petrol cap for a 1935 Buick. In theory, this should be easily solved as it is a standard type of cap used by most cars from the 1930's right up into the 1950's – but it wasn't that easily solved. Over the last 10 years I've bought how many caps at stores and flea markets but none of them fitted properly and they have all leaked when I filled the tank. To make matters worse, the leaking petrol poured over the exhaust pipe.

Fortunately, in our modern days, there is another solution to finding parts and that is via the internet. I'm a bit of an ignoramus when it comes to these things but I decided to give it a go. I went into eBay USA, vintage cars parts, Buick and walla – there they were. A choice of high quality vented stainless steel reproduction caps, both locking and unlocking from $10.00 to $20.00. I chose the cheapest, the one without a lock. It arrived a couple of weeks later, fits perfectly, is ventilated, and doesn't leak when the tank is full.

Lesson learned, when I need parts in the future I'll start with the internet.

p.s. I now need a Sunbeam Alpine soft top so I went into eBay and the various Sunbeam shops in the US. There they are available "van die rak af" manufactured by top convertible manufacturers in the highest quality pin point material, fully guaranteed for $297.00 or R2675.00. With postage etc I'll land it for way under R4000.00. That's about half the price for locally manufactured ones.